# MIDSTREAM COLLEGE

**Omsendskrywe 2/2024**
**8 Februarie 2024**

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR



*Education is the passport to the future, for tomorrow belongs to those who prepare for it today*
*- Malcolm X*

Dinsdagaand is ons akademiese presteerders tydens ons jaarlikse akademiese prysuitdeling vereer. Geluk, julle strewe na Excellentia werp beslis vrugte af. Die uitstaande uitslae voorspel 'n rooskleurige toekoms vir die College op akademiese gebied. Nogmaals geluk aan die matrieks van 2023 met hulle skitterende uitslae. Hul toppresteerders is ook gedurende die prysuitdeling vereer.

*Communication leads to community, that is, to understanding, intimacy and mutual valuing.*
*- Rollo Reece May*

Midstream College glo in 'n oopdeurbeleid. Kontak dus gerus die betrokke onderwysers of afrigters indien u enige navrae het. 'n Opregte woord van dank aan die ouers wat met ons kommunikeer. Ek het al by verskeie geleenthede genoem dat ons slegs probleme waarvan ons bewus is, kan aanspreek. Verwys gerus na ons webblad vir die korrekte kontakpersoon, asook ons dagboek waar die meeste besonderhede rondom die week se program verskyn. Ek verstaan dat ouers emosioneel raak rakende hulle kinders, maar versoek verder beleefd dat u die personeel by ontvangs en in die finansiële kantoor, asook die onderwysers professioneel hanteer.

Ek wil vervolgens elke graad 8-ouer na die eerste Koffie-met-Carel-geleentheid uitnooi. Gedurende hierdie informele kuier in die College HUB kry ons die geleentheid om mekaar beter te leer ken en oor die dinamiese College-omgewing te gesels. Die kuier is vir eerskomende Maandag 12 Februarie om 07:30 geskeduleer. Laat weet asseblief vir Debbi by (dwestwood@midstreamcollege.co.za) indien u belangstel om dit by te woon. Graad 9- tot 12-ouers sal weer op Maandag 19 Februarie die geleentheid hê om dit by te woon.

'n Finale woord van verwelkoming aan ons graad 8's wat verlede Donderdag ingehuldig is. Ons sien uit na die bydrae wat hulle tot die College gaan lewer. Ons sportprogram is reeds voluit aan die gang en ek hoop om eerskomende Vrydag so veel as moontlik van julle tydens ons jaarlikse tuisatletiekbyeenkoms te sien. Baie sterkte ook aan al ons swemmers in die aanloop tot hul interhoër eerskomende Dinsdag 13 Februarie by Hillcrest.

## GRAAD 12-INLIGTINGSAAND

Graad 12-ouers en -leerders word genooi om die inligtingsaand op Dinsdag 20 Februarie in die saal by te woon. Belangrike graad 12-sake soos akademie, universiteitsaansoeke en die matriekafskeid, sal bespreek word. Ons hoop om u almal daar te sien.

# AKADEMIE

## 2024 GRAAD 12-IEB FINALE EKSAMEN

Matriekouers word daaraan herinner dat die IEB se fooi vir die Nasionale Seniorsertifikaateksamen R8 605 per kandidaat beloop. Addisionele vakke word teen R1 490 per vak gehef, Further Studies Mathematics (Standard) teen R843 en Further Studies Mathematics (Extended) teen R1 235. U rekening sal dienooreenkomstig gedebiteer word.

## WISKUNDE

MH Sahib is aan die einde van verlede jaar deur die Suid-Afrikaanse Wiskundestigting genooi om 'n vyf-dagwerkswinkel by die Universiteit van Stellenbosch by te woon. Slegs 60 graad 8- tot 12-leerders, van regoor die land, is genooi. MH het 27ste in die 2023 Graad 8-Wiskundeolimpiade geëindig.

# KULTUUR

## INTERNE ENGELSE REDENAARS

| Impromptu-toespraak | | | |
|---|---|---|---|
| | 3de Plek | 2de Plek | 1ste Plek |
| **Graad 8** | Jivika Ramchandani | Lauren Kriel | Kianna Chetty |
| **Graad 9** | | Lisa Strauss<br>Anri Janse van Rensburg | Lisa Rautenbach |
| **Graad 10** | Ivan Kotzee | Lin-Mari Rudolph | Kashvi Chathury |
| **Graad 11** | Dayuri Moopanar | Renate Maré | Katinka Rhoodie |

| Voorbereide Toespraak | | | |
|---|---|---|---|
| | 3de Plek | 2de Plek | 1ste Plek |
| **Graad 8** | Lauren Kriel | Niya Ramlagan | Tristyn Mara |
| **Graad 9** | Lusanele Dulungana | Lisa Rautenbach | Anri Janse van Rensburg |
| **Graad 10** | Megan le Roux | Kashvi Chathury | Lené Liebenberg |
| **Graad 11** | Alexander Brits | Katinka Rhoodie | Renate Maré |
| **Graad 12** | Julia Potgieter | Rea Machogo | Sedibana Ngoasheng |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

# SPORT

Die sportjaar het spoed opgetel en ons sien onder andere uit na die voltooiing van die Finsburyreeks (krieket), asook beide die swem en atletiek se interhoër wat op die horison wink.

Alle inligting rakende 'n spesifieke sportsoort is op die skool se webtuiste beskikbaar. Indien ouers enige navrae oor 'n sportaangeleentheid het, is hulle welkom om die betrokke organiseerder of die Hoof van Sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te kontak.

## KRIEKET

| | | |
|---|---|---|
| **1ste** | | |
| Oos-Moot | Midstream 222/4<br>Oos-Moot 138/8<br>Wen met 84 lopies | Janco van Heerden 39 n.u.n.<br>Dian de Villiers 61<br>Barto Oosthuizen 3/25 in 5 beurte |
| Pietersburg | Midstream 245/10<br>Pietersburg 231/10<br>Wen met 14 lopies | Dian de Villiers 64<br>Janco van Heerden 54 & 3/29 in 8 beurte<br>Rikus Cilliers 3/55 in 10 beurte |
| Wagpos | Wagpos 108/10<br>Midstream 110/8<br>Wen met 2 paaltjies | Janco van Heerden 35 & 2/10 in 3 beurte<br>Jean Holtzhausen 2/10 in 5 beurte |
| Ben Voster | Midstream 280/10<br>Ben Vorster 167/10<br>Wen met 113 lopies | Jeanré Lourens 56<br>Jean Holtzhausen 44<br>Xander Senekal 5/34 in 6.3 beurte |
| **2de** | | |
| Menlopark 4 | Midstream 167/6 in 20 beurte<br>Menlopark 133/5 in 20 beurte<br>Wen met 34 lopies | Erik Meyburgh 74<br>Christian Olwagen 27 |
| AHS 4 | AHS 173/3<br>Midstream 78/10<br>Verloor met 95 lopies | Erik Meyburgh 2/23 in 3 beurte |
| **o. 15A** | | |
| Pietersburg | Pietersburg 150/10<br>Midstream 152/1<br>Wen met 9 paaltjies | Ruben Howatt 3/21 in 8 beurte<br>Johann Boshoff 3/11 in 8 beurte<br>Keegan Gibson 64 n.u.n.<br>Eckhardt du Toit 51 n.u.n. |
| Ben Vorster | Ben Vorster 47/10<br>Midstream 51/2<br>Wen met 8 paaltjies | Ruben Howatt 3/12 in 5 beurte<br>Johann Boshoff 3/24 in 5 beurte<br>Nicholas Beukes 3/3 in 2 beurte<br>Dylan Coleridge 21 n.u.n. |
| **o. 15B** | | |
| Waterkloof | Waterkloof 125/7<br>Midstream 106/1<br>Wen volgens DLS | Dylan Coleridge 2/19 in 4 beurte<br>John-Andrew Horn 2/11 in 2 beurte<br>Dylan Coleridge 50<br>Tsebo Motjiyeng 24 |
| Montana | Midstream 122/3<br>Montana 120/8<br>Wen met 3 lopies | Christiaan du Toit 35<br>Moyahabo Machaba 3/13 in 4 beurte<br>Edrique Laubscher 3/11 in 4 beurte |

| o. 14A | | |
|---|---|---|
| Eldoraigne | Midstream 133/2<br>Eldoraigne 107/7<br>Wen met 26 lopies | Keegan Gibson 67 n.u.n. |
| Zwartkop | Zwartkop 40/10<br>Midstream 44/1<br>Wen met 9 paaltjies | Erasmus Pretorius 3/5 in 2 beurte |
| Montana | Midstream 219/7<br>Montana 93/10<br>Wen met 126 lopies | Henke Louw 3/10 in 4.1 beurte<br>Takura Mupakati 3/13 in 5 beurte<br>Rikus Holtzhausen 40 n.u.n. |
| **o. 14B** | | |
| Eldoraigne | Eldoraigne 62/8<br>Midstream 63/2<br>Wen met 8 paaltjies | Luan Bothma 32 n.u.n.<br>Michael Meyer 3/17 in 3 beurte<br>Lian Strauss 2/9 in 2 beurte |
| Zwartkop | Midstream 122/3<br>Zwartkop 120/4<br>Wen met 2 lopies | Lian Strauss 61 n.u.n.<br>George Wiehahn 1/19 in 4 beurte |

## SWEM

Ons het 'n besige twee weke van swem gehad. Die eerste gala by Cornwall Hill is weens weerlig gekanselleer, maar ons swemmers kon wel later die week by Curro Hazeldean deelneem. Die meisies het in 'n gekombineerde gala, saam met Midstream College Primêr, by DSG deelgeneem.

Vandag neem ons aan die laaste vriendskaplike gala by Menlopark deel, waarna die interhoërspan aangekondig sal word. Sommige van ons swemmers neem ook hierdie naweek aan die Midmarmyl, in Howick deel.

## ATLETIEK

Die interhuis se finale spanuitslae was as volg:

| Posisie | Span |
|---|---|
| 1 | Hutton |
| 2 | Old Kent |
| 3 | Windsor |

Die volgende atlete het bestaande interhuisrekords verbeter:

| Atleet | Afdeling | Item |
|---|---|---|
| Lené Greyling | Meisies 14 | 300 m-hekkies |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 200 m |
| Matthieu Du Venage | Seuns 14 | 400 m |
| Aphelele Mbatsha | Meisies 15 | 200 m & 400 m |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus & Gewigstoot |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m & 1500 m |
| Anri Pretorius | Meisies 15 | Verspring |
| Ethan Mahlangu | Seuns 15 | 100 m & 200 m |
| Tehan Maré | Seuns 15 | Diskus |

| | | |
|---|---|---|
| Rupert Groenewald | Seuns 15 | 800 m & 1500 m |
| Estiaan Scheepers | Seuns 16 | 400 m-hekkies |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies |
| Renate Maré | Meisies 17 | Hoogspring |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 800 m en 1500 m |
| Neil de Vleeschauwer | Seuns 17 | Diskus |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies |
| Lea Manikas | Meisies 19 | Verspring |
| Minke Myburgh | Meisies 19 | Diskus |
| Thabang Rammabi | Seuns 19 | Driesprong |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 800 m & 1500 m |

Die onderstaande trofeë is vir die item met hoogste ASA-punt toegeken:

| Afdeling | Atleet | Item |
|---|---|---|
| Baan: Beste Junior Meisie | Lené Greyling | 300 m-hekkies |
| Baan: Beste Junior Seun | Rupert Groenewald | 1500 m |
| Baan: Beste Senior Meisie | Lente Groenewald | 400 m |
| Baan: Beste Senior Seun | Xavier van der Leek | 1500 m |
| Veld: Beste Junior Dogter | Amy Nel | Diskus |
| Veld: Beste Junior Seun | Tehan Maré | Diskus |
| Veld: Beste Senior Dogter | Liza Howatt | Gewigstoot |
| Veld: Beste Senior Seun | Thabang Rammabi | Verspring |

Die onderstaande trofeë word vir die gesamentlike telling van die beste twee ASA-punte toegeken:

| Afdeling | Atleet |
|---|---|
| Junior Victrix Ludorum | Amy Nel |
| Junior Victor Ludorum | Rupert Groenewald |
| Senior Victrix Ludorum | Lente Groenewald |
| Senior Victor Ludorum | Xavier van der Leek |

Uitslae bo 800 punte in onlangse byeenkomste:

| Atleet | Afdeling | Item | ASA-punt |
|---|---|---|---|
| **AGN-liga 2 (Pilditch)** | | | |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 100 m & 200 m | 842 & 810 |
| Aquina de Vries | Meisies 14 | 200 m | 813 |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 300 m-hekkies | 817 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus | 854 |
| Caitlin Arendse | Meisies 15 | 3000 m | 816 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | 813 |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 400 m | 802 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 1500 m | 916 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m- & 400 m-hekkies | 818 & 828 |

| Noordheuwel | | | |
|---|---|---|---|
| Aquina de Vries | Meisies 14 | 200 m | 840 |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 90 m- & 300 m-hekkies | 906 & 839 |
| Azariah Madumo | Meisies 14 | 800 m | 884 |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 200 m | 820 |
| Katelin Theron | Meisies 14 | 800 m | 800 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | 887 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Gewigstoot & Diskus | 802 & 884 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | 887 |
| Aphelele Mbatsha | Meisies 15 | 200 m | 841 |
| Elle Gouws | Meisies 15 | 400 m | 805 |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 400 m & 800 m | 807 & 857 |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | 823 |
| Lea Manikas | Meisies 19 | 200 m | 806 |
| Juan Breytenbach | Seuns 19 | 3000 m | 848 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m- & 400-hekkies | 851 & 843 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 800 m & 1 500 m | 860 & 918 |

## RUITERSPORT

| SANESA Ekurhuleni -Kwalifiseerder 1 | | |
|---|---|---|
| Ruiter | Dissipline | Plek |
| Kynan van Zyl | Eventing 95 cm<br>Vaulting<br>Working hunter 90 cm<br>Working hunter 80 cm<br>Show jumping 110 cm<br>Show jumping 100 cm 2-phase | 3de<br>3de<br>2de<br>4de<br>1ste<br>2de |
| Michelle du Preez | Performance riding<br>Working riding<br>Dressage | 2de<br>1ste<br>4de |
| Jodi Slade | Eventing 85 cm<br>In-hand utility | 1ste<br>2de |
| Kiara Kok | Show jumping 80 cm 2-phase<br>Dressage | 2de<br>2de |
| Lenae van Zyl | Show jumping 80 cm competition | 2de |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolsportaktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die Hoof van Sport, mnr Henry Verster, te stuur (hverster@midstreamcollege.co.za).

**SKAAK**

Arun Gounder neem van 19 tot 28 Februarie aan die Statebondkampioenskap in Maleisië deel.

**PRAKTIESE PISTOOLSKIET**

By die Gauteng-Noord-Praktiese Pistoolprysuitdelings het Joshua Cachia drie silwer en een goue medalje vir sy skietprestasies van 2023 ontvang.

**ONDERWATERHOKKIE**

Ethan Mitchell het 'n plek in die SA o. 19-manspan behaal, en neem in Julie vanjaar aan die Wêreldkampioenskap in Maleisië deel.

**KARTING**

Jesse Swart is vir sy eerste internasionale wedren gekies, die African Rok Cup, wat van 14 tot 16 Februarie plaasvind. Slegs die top-drie-bestuurders van die deelnemende lande, in elke kategorie, het gekwalifiseer.

# ALGEMEEN

**KOMMUNIKEER MET ONS:**

www.midstreamcollege.co.za
Midstream College
midstream_college

**VOLGENDE OMSENDSKRYWE:**

Donderdag 22 Februarie 2024